NUUSBRIEF

LESSE VAN BYE OOR RENTMEESTERSKAP

FABASA
FAMILY BUSINESS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

Die jaar wat verby is, lê nou agter ons soos 'n onlangs geploegde land met vore vol herinneringe. Sommige herinneringe is soet soos heuning, ander mag vol littekens wees.

Vir familieboerderye was daar dalk oorvloed met goeie reën of verlies deur droogte.

Goeie reën is soos goeie winste terwyl droogte 'n afname in ons besigheid mag beteken. Dit is tog mos maar die ritme van die lewe en van besigheid.

Bye leer ons beduidende lesse oor rentmeesterskap. Toe God die aarde geskape het, het Hy in sy Alwetendheid die bye geskep – nie net as klein gonsende wesens nie, maar as geheime draers van lewe. Hulle vlerke, soos sagte gebede, hou die dans van bestuiwing lewend -'n onsigbare draad wat vrug en saad verbind, veld en vrugteboord, mens en natuur.

God het geweet dat ons nooit sonder hulle sou kon leef nie; dat hul teenwoordigheid die ongesiene sleutel tot oorlewing is. Sonder die bye sou die wêreld stilweg verwelk – en so het Hy hulle gestuur as rentmeesters van Sy skepping, fyn en getrou, sodat die mens nie sou vergeet hoe afhanklik ons van goeie rentmeesters is nie.

Kom ek verduidelik dit deur die oë van 'n boer. In die vroeë oggendstilte, toe mis nog soos 'n dun kombers oor die lande hang en die geluide van 'n wakker wordende plaas die lug vul, sit Jaco op sy stoep – sy hoed in sy hande, sy oë na die hemel gerig. Hy bid nie vir reën nie, nie nou nie. Vandag is sy gebed vir iets veel kleiner. Hy bid vir bye.

Jaco weet wat groot dele van die wêreld buite landbou waarskynlik nie besef nie – dat meer as 70% van die gewasse wat mense eet – appels, amandels, spanspekke, avokado's, sonneblomme en vele ander – van bestuiwing afhanklik is. En, dat bye, daardie delikate wesens met hul goue strepe en heilige roeping, 90% van daardie bestuiwing doen. Sonder hulle is daar nie oes nie. Sonder hulle is daar nie kos op die tafel, nie saad vir môre nie.

Bye kom na 'n boer se wingerde en saaigrond sonder bravade. Geen opmars, geen vlag, geen aankondiging nie. Net daardie sagte, besige gons – soos 'n lied wat net die aarde kan hoor. En tog, in hul stil teenwoordigheid, leef die waarheid wat elke mens behoort te onthou: bye is die suiwerste voorbeeld van rentmeesterskap.

Hulle neem niks wat nie nodig is nie. Hulle steel nie van die blom nie, hulle vernietig nie wat groei nie. Hulle gee terug, vermeerder, herstel. Waar hulle vlieg, word lewe geplant – stuifmeel word saad, saad word vrug, vrug word oes. Elke beweging van 'n by is 'n handtekening van balans. Hulle werk nie net vir hulself nie. Die heuning wat hulle versamel voed die kolonie, die

bestuiwing wat hulle doen voed die wêreld.

Dis juis in hul onselfsugtigheid, hul samewerking, hul getrouheid aan 'n taak wat groter is as hulleself, waar hul ware grootheid lê. 'n By leef net 'n paar weke – en tog is hulle invloed oeroud. Hulle werk aan iets wat hulle nie eers self sal beleef nie, maar wat hulle nageslag, en die wêreld rondom hulle, sal laat oorleef.

Dis wat 'n rentmeester doen. Nie omdat iemand kyk nie, nie vir roem of beloning nie – maar met die wete dat dit wat aan ons toevertrou is net vir ons geleen is vir die tyd wat ons hier is. Die bye weet dit en leef dit. God het die bye voor die mens geskape, sodat ons kan leer dat alles wat Hy geskep het deel van 'n groter plan is.

Kom ons leer lesse oor rentmeesterskap deur die take van bye – nie net as werkers in die natuur nie, maar as stille onderwysers, gestuur deur God self om ons te wys wat ware rentmeesterskap beteken. Elke taak is 'n les. Elke beweging 'n metafoor.

Bestuiwing

Hulle reis van blom tot blom, nie vir hulself nie, maar vir die voortbestaan van duisende plantsoorte. So leer hulle ons: om met elke aanraking lewe te laat agterbly. Ware rentmeesters laat groei waar hulle beweeg.

Heuningmaak

Uit die nektar van die skepping skep hulle iets volmaaks – 'n bron van energie, genesing en krag. Hulle leer ons: gebruik wat jy ontvang met wysheid en dankbaarheid. Moenie mors nie. Moenie net neem nie, maar Skep.

Kolonie-samewerking

Geen by werk alleen nie. Hulle leef vir mekaar, en sterf vir mekaar indien nodig. So leer hulle ons: rentmeesterskap is nooit 'n solo-poging nie. Dit vra samewerking, opoffering en lojaliteit.

Die bewaking van hul nes

Die wagbye beskerm die ingang met hul lewens. Hulle leer ons: beskerm dit wat heilig is – jou familie, jou erfenis, jou waardes. Wees waaksaam teen dit wat jou nalatenskap bedreig.

Die dans van leiding

Wanneer ’n by ’n nuwe bron van nektar ontdek, doen hulle ’n dans om die pad aan die ander te wys. So leer hulle ons: deel wysheid. Lei met vreugde. Wys ander waar die goeie lê, sonder om dit vir jouself te hou.

Seisoenale voorbereiding

Hulle versamel wat nodig is vir die winter lank voor dit aanbreek. Hulle leer ons om te beplan. Vooruitsig is deel van verantwoordelikheid. Bou vandag vir môre.

Beskerm jou bates

As gevaar dreig, sal ’n by steek – ten koste van hulle lewe. Hulle leer ons: ware rentmeesters is bereid om iets prys te gee sodat iets groters kan oorleef.

Herkenning van rol en plek

Elke by het ’n taak – koningin, werker, en ander rolle – en elkeen dien met toewyding. Hulle leer ons: Ken jou roeping. Eer jou rol. Geen take is te klein as dit die groter prentjie dien nie.

Die Jaar wat Voorlê

Die nuwe jaar lê voor ons soos ’n onbesaaide land vol moontlikhede, maar ook vol verantwoordelikhede. As rentmeesters van grond, van familie en van geloof, word ons geroep om met wysheid te plant. Nie net saad in die grond nie, maar ook saad in mense se harte.

’n Familieonderneming se sukses word nie net aan wins en verlies gemeet nie. Dit is ’n leerskool van waardes waar kinders leer hoe hul ouers reageer onder druk, hoe konflikte hanteer word, hoe besluite geneem word. Dis juis in daardie daaglikse momente, soos die manier waarop ons praat, luister en vergewe, dat ons die diepste voetspore nalaat.

Daarom behoort ons nie net vrae te vra oor opbrengs en pryse nie, maar ook oor ons verhoudinge met ons familie en werknemers. Rentmeesterskap beteken immers nie net om iets te bewaar nie, maar ook om dit wat aan ons toevertrou is te verbeter.

VYF WENKE OM DIE JAAR MET ’n GOEIE GESINDHEID TE BEGIN

Begin met dankbaarheid.

Maak tyd om terug te kyk en God te dank. Nie nie net vir wat goed gegaan het nie, maar ook vir dit wat ons laat groei het omdat dit moeilik was. Dankbaarheid verander perspektief; dit skuif jou fokus van negatief tot positief.

Sien mense raak.

In die gejaag van werk vergeet ons soms dat die mense ons grootste bate is. Groet met opregtheid. Luister met aandag. Wys respek. Dis hoe vertroue groei.

Los dit wat jou nie dien nie.

Moenie ou kwessies, wrokke of teleurstellings, saamdra in die nuwe jaar nie. Vergewensgesindheid is nie 'n teken van swakheid nie. Dit is 'n daad van bevryding.

Bou eerder brûe as mure.

In elke familie en gemeenskap is daar verskille. Soek die gemeenskaplike grond. Gesels eerlik, maar sag. Laat vrede 'n groter doel wees as "om reg te wees."

Leef doelbewus jou waardes uit.

Geloof, eerlikheid, respek en nederigheid is nie net woorde nie. Dit is die saad van goeie nalatenskap. Jou kinders en kleinkinders leer nie net uit wat jy sê nie, maar ook uit wat jy doen.

Voetspore wat Bly

Uiteindelik meet niemand die sukses van 'n familieonderneming net aan die hoeveel wins wat ons gemaak het nie, maar ook aan hoeveel harte daardeur geraak is. Die ware oes lê in die vrede in ons huis, die samewerking tussen geslagte, en die bewustheid dat ons deel is van iets groter – 'n erfenis van geloof en volharding.

Wanneer ons aan die einde van dié jaar terugkyk, moet die vraag nie net wees hoeveel wins ons gemaak het nie, maar hoeveel liefde ons gesaai het. Dit is die voetspore wat blywend is in mense se herinneringe, in kinders se stories, in die waardes wat hulle verder dra.

Mag hierdie nuwe jaar vir elke familieonderneming 'n tyd wees van vrede, wysheid en herstel. Mag ons leer om met oop hande te gee, met sagte harte te luister en met vaste geloof te werk. Mag ons besef dat ons nie eienaars is nie, maar rentmeesters van alles wat aan God behoort.

Mag jou kinders in jou Rentmeesterskapskoene stap.

In 2026 sal ons fokus op Welvaartbeskerming

NALATENSKAP & VOETSPORE WAT ONS NALAAT – ’n Roman wat harte aanraak

Kerstyd is familie-tyd – daardie kosbare seisoen waar ons weer saam om die tafel sit en herinneringe deel. Ongelukkig beleef alle families nie altyd harmonie nie. Soms laat ons seer, stilte of misverstande agter — sonder om dit so te bedoel.

Voetspore wat ons nalaat en Nalatenskap is ’n diep roerende roman gebaseer op werklike verhale van families wat deur konflik en verskeurdheid gegaan het — en weer vrede gevind het.

Dit is ’n storie van vergifnis, geloof en die genesing van familieverhoudinge.

Mag hierdie Feesseisoen voetspore in jou eie familie nalaat wat liefde en harmonie laat groei want niks is meer kosbaar as vrede in jou huis nie.

SELA



Bestel NALATENSKAP aanlyn by:

https://naledi.co.za/product/nalatenskap/

OF jy kan die boeke by TERTIA van NALEDI via WhatsApp bestel by 078 648 8616

Bestel die VOETSPORE WAT ONS NALAAT boek aanlyn by:

https://naledi.co.za/product/voetsporewatonsnalaat/

Vir hulp kontak ons by:
info@fabasa.co.za
WhatsApp by 082 453 3288

NALEDI SE KANTORE SLUIT 19 DESEMBER. PLAAS BESTELLINGS VOOR DIE DATUM.